

Sing vooraf staande: Psalm 116:6 (p. 570)

- 6 Ek het geglo toe ek, in smart gedaal, / dit uit moes spreek: "Ek is terneergeboë,"
en uit moes roep, deur sware smart bewoë: / "Die mens se woord is enkel leuentaal."

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 148:5 (p. 712)

- 5 Laat almal saam die HERE prys: / sy Naam alleen het hoog gerys;
oor aarde en hemel, ver en wyd, / sien ons sy glans en majesteit.
Hy wou die horing vol vermoë, / die glorie van sy volk verhoë:
Sing dan, o volk, met hoog geskal / die lofsang van die groot heelaal!

Geloofsbelydenis Nicea

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing van ons sondes met Psalm 130:2 (p. 635).

Wet

Psalm 130:2 (p. 635)

- 2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.

Gebed

Psalm 118:12 (p. 579)

- 12 Dit is die dag deur God verkore, / die feesdag aan Hom toegewy.
Laat ons, met psalms uit vreug gebore, / ons in die God van heil verbly.
Ag, HEER, gee nou u seëninge; / gee voorspoed, HEER, op hierdie dag –
dit is die dag van grote dinge, / die gloriëteken van u mag.

Skriflesing: Sefanja 1

Teks: Sefanja 1:9

Ek sal ook op dié dag besoeking doen oor almal wat oor die drumpel spring, wat die huis van hulle here vul met geweld en bedrog.

(Sefanja 1:9 AFR53)

Hier word 'n oordeel aangekondig wat 'n dubbele karakter dra. Aan die een kant is dit gerig op die wêreld as 'n totale wêreldoordeel, maar aan die ander kant is dit tog ook baie persoonlik teen Juda en Jerusalem gerig.

- Die grond vir hierdie oordeel is spesifiek Godsverlating.
- Dit gaan teen mense wat allerhande bygelowe en vreemde godsdienstegebruike aanleer en as gevolg daarvan die Here vergeet.

Ons gee aandag aan die volgende sake:

- 1. Die oordeel**
- 2. Die oorsaak**

1. Die oordeel

Ons teksvers, saam met die voorafgaande vers, bevat 'n vernietigingsaankondiging oor die hele aarde.

- Die Here sal alles wegruk, dit is verdelg dat daar niks van oorbly nie.
- Die Here se oordeel sal letterlik alles wegruk – sowel mense as diere (vers 3) maar ook nog die voëls en die seediere.

Dis tog asof mens in die profesie wat hier aangekondig word, iets van die Here se vloek hoor toe Adam gestraf is: **Vervloek is die aarde om jou ontwil!**

Daar is meer plekke waar die Here leer dat die hele natuur verwoes gaan word as gevolg van die mens se geloofsvervlakking, byvoorbeeld Hosea 4:3:

Daarom treur die land, en alles wat daarop woon, kwyn weg: die wilde diere van die veld en die voëls van die hemel, ja, ook die visse van die see kom om.

(AFR53)

- Die einde van vers 3 kom weer terug na die mense toe – bedoelende die goddelose mense wat die oorsaak is van hierdie oordeel.

Ek sal wegraap mense en diere, Ek sal wegraap die voëls van die hemel en die visse van die see en die struikelblokke saam met die goddelose, ja, Ek sal die mense uitroei van die aardbodem af weg, spreek die HERE. (Sefanja 1:3 AFR53)

- In vers 4 tot 6 is daar 'n wending in die oordeelsaankondiging.
 - Die oordeel word nou in besonder teen Juda en Jerusalem gerig.
 - Die Here gaan van die mense van Jerusalem uitroei. Hy sê ook presies wie hulle is, naamlik die goddeloses.

Die profesie het dus 'n baie sterk gerigtheid op sy eie tyd gehad.

2. Die oorsaak

Die goddelose mense is onder andere diegene wat die Baäls aanbid het.

- Dit gaan hier oor Jode wat die Kanaänitiese kultuur en geloof aangeneem het. Hulle het dus hulle eie kultuur en godsdiens prysgegee.
- Dit is ook waarskynlik dat Sefanja hier kan verwys na 'n soort sinkretisme wat ontstaan het uit die Jahwe-godsdiens gekombineer met die Baäldiens.

Die Here gaan die hele korps van Baälaanbidders uitroei – die priesters sowel as die aanbidders (lidmate).

Vers 5 beskryf nog meer soorte afgodediens. Vergelyk hierby Jeremia 19:13.

- Die eerste een wat genoem word, is die Assiries-Babiloniese sterrediens.
- Manasse het dit ingevoer in Jerusalem (vergelyk 2 Konings 23:5, 11). Dis 'n afgodsdiens wat vandag nog beoefen word.

Lees wat staan daarvan in Jesaja 47:13:

Jy het jou vermoei met die menigte van jou planne; laat hulle tog optree en jou red – die wat die hemel indeel, die sterrekykers wat elke maand laat weet wat oor jou sal kom. (Jesaja 47:13 AFR53)

Dis presies dieselfde ding as *Die sterre voorspel* wat vandag nog in ons koerante en tydskrifte verskyn en wat deur so baie mense verslind word.

In een asem met hierdie mense word ook nog die Mologaanbidders genoem.

- Dis die mense wat kinderooffers gehou het.
- Maar u moet luister na die geweldige fout wat hier ingesluit het: Daardie mense het gedink dat hulle gaan verbykom deur die Mologdiens met diens aan die Here te versoen.
- Daarom sweer hulle by Molog én by die Here.

Die Here verwerp dit doodgewoon as afgodsdienste, want dis alleen die heeltemal suiwer en ware godsdiens wat by die Here in tel is.

In ons tyd kom hierdie ding weer voor:

- Dink net aan die aantal uitsprake van verskillende kerkleiers die afgelope tyd dat sinkretisme en afgodsdienste en die Christendom alles diens aan dieselfde God is. Dis net verskillende paaie wat na dieselfde eindpunt toe lei.
- Daarna word die mense genoem wat in geen geloof is nie – selfs nie eers afgodsdienste nie.
 - Dis mense wat die Here ook in geen opsig soek en dien nie.

Maar let op dat die Bybel uitdruklik sê dat hierdie mense geen verskoning het nie. Hulle het eers in die Here geglo, en toe het hulle afvallig geword.

Daarom kom die aankondiging so skerp dat die dag van die Here kom en dat almal daardie dag sal moet stilbly.

- Die aankondiging van die dag van die Here sien inderdaad op twee gebeurtenisse tegelykertyd, naamlik die dag wanneer die Here Jesus op die wolke kom en die wêreld geoordeel gaan word, soos wat in vers 2 en 3 staan.
- Verder wys hierdie dag van die Here na die verwoesting van Juda en Jerusalem.
 - Vir hulle word die dag ook aangekondig as 'n dag van groot slagting vir die ongelowiges.
 - Vir die gelowiges is daar in dieselfde woorde die mooiste genade: Op daardie dag berei die Here 'n offer en heilig sy gaste.

In hierdie beeld val twee dinge saam:

- Ons weet die dag van die Here is die dag van die wederkoms van die Messias.
- Die offer waarvan hier gepraat word, sien profeties op die offer van Jesus Christus.
- Dis juis in hierdie Messias se verdienste dat die Here sy gaste geheilig het.

In vers 8 dui die Here die sosiale en etiese verkeerdhede aan wat onder die volk posgevat het.

- Die Here noem dat die koningshuis – die vorste en die prinse – klere dra wat nie eie is aan die Joodse tradisies nie.
- In ons tyd is ons nie meer so volksvas wat kleredrag betref nie, daarom is dit vir ons moeilik om die saak te begryp.
 - U moet egter net onthou dat daar in die kleredrag van die Jode van daardie tyd ook 'n verbintenis met hulle godsdiens weerspieël is.
 - Daarom is die uitlandse klere hier die simbool van hierdie mense se verbintenis met heidense afgode.

Die volgende vers kleur die gesindheid van die volk en van hulle regering verder in.

- Hulle godsdiens was baie onsuiver, want hulle het ook nog ander soorte bygelowe gehad.
- Hulle het byvoorbeeld oor die drumpel van die huis gespring.
 - Dit beteken dat hulle nie op die ingangstrappies getrap het nie, maar letterlik in die huis ingespring het en ook weer so uit die huis uitgespring het.

Die bygeloof wat hier ter sprake is, is dat daar geglo is dat die geeste van die huis onder die trappies by die ingang van die huis gewoon het. Die mense het geglo dat die geeste hulle sal benadeel as hulle op hulle trap.

Die bygeloof het die Jodedom vanuit die Filistyne ingedring, van die dae van Dagon af.

- Die geskiedenis van 1 Samuel 5:2-7 leer dat Dagon twee maal voor die ark van die Here op sy gesig gelê het wanneer die Filistyne in die môre daar opgedaag het.
- Die tweede keer nadat hulle hom regop gesit het, het sy hande en sy kop afgebreek op die trappies gelê toe hulle daar aangekom het.

Die Bybel vertel dat die priesters van Dagon van daardie dag af nooit weer op die drumpel van die tempel getrap het nie.

- Die gebruik het toe van die tempel af uitgebrei na die mense se huise toe ook.
- Verbasend genoeg is hierdie gebruik nog tot in die 17de eeu in sekere gebiede van Persië onderhou.

Die Here stel Hom duidelik ook teen hierdie mense op.

- Afgodediens, sinkretisme, godsdiensvervreemding en totale ongeloof saam met bygeloof waar 'n slagveld van God se oordeel hom afspeel.
- Die oordeel is deurtastend en swaar, want vers 12 sê dat die Here Jerusalem met lanterns sal deursoek. Dit dui daarop dat niemand iewers sal kan wegkruip of uit die oordeel van die Here loskom nie.

Toepassing

Hierdie hoofstuk in die Ou Testament is baie moderner as wat mens dink, want as ons ons eie moderne Nuwe-Testamentiese gemeente gaan toets aan hierdie godspraak, dan sien ons dat ons ook worstel met sinkretisme in ons kerk.

- Veral in ons kerkverband is daar baie persone wat samesmelting voorstaan tussen dinge wat nie reg is nie en die Bybel.
- U as lidmate moet daarop bedag wees dat die kerk hom nie mag verbroeder met dinge wat nie baie suiwer in lyn is met God se Woord en sy eer nie.

Om te kan onderskei tussen reg en verkeerd is nie altyd maklik nie, want ons moet die beginsels waarvolgens ons meet uit die Bybel uithaal.

- Die uitlewing en toepassing van jou geloof berus dus op jou siening van wat die Bybel is, en dié saak skep in ons tyd baie probleme onder gelowiges en veral die teoloë.
- Daar is net een manier waarop jy reg sal kan sien en reg sal kan onderskei wat jy moet doen as jy die Here waarlik wil dien, en dit is dat jy biddend sal moet buig onder die insigte wat die Heilige Gees aan jou gee uit die Bybel.

As jy jou gaan verset teen die Bybel, of met die bekende redenasie gaan kom dat daar baie dinge in die Bybel is wat nie vandag meer van toepassing is op ons nie, gaan jy waarskynlik in die probleem beland waarin die mense beland het wat die Here en Molog (Milkom) gelyk gedien het en by al twee tegelyk gesweer het.

- Dit het die Here baie kwaad gemaak, want Hy sê dat Hy hulle gaan verdelg.
- Hierdie hele aangeleentheid van hoe jy die Bybel sien en hoe jy jou omgang met die Here inkleer, sal ook bepaal of daar in ons gemeente lidmate sal wees wat geleidelik van die Here afvallig word, soos dit in vers 6 staan.
- As ons lidmate het wat aangemoedig moet word om meelewing met die gemeente te toon, moet ons deur hierdie gedeelte in die Bybel ernstig gewaarsku word.

Dan is daar die wat oor die drumpel spring. Dit is natuurlik die bygelowiges.

- Die beskrywing van die wat oor die drumpel spring is in vers 9 eintlik 'n samevatting van almal wat deur die Here gestraf en veroordeel gaan word.
- Hulle is afgodediensers, die sinkretiste, die afvalliges, die totaal ongelowiges en die bygelowiges.
- Die Here noem hulle almal in een asem, want hulle almal hoort buite sy verlossende genade.

Al die dinge moet ons nou nie in vrees en angs laat verval nie, want u moet onthou dat die Here sê dat Hyself sy gaste sal heilig.

- Hy het sy Seun op Golgota laat offer tot versoening van ons sondes.
- Daarmee het die Here self voorsiening gemaak dat ons sondes teen Hom ons vergewe word.
- Die eis bly net dat ons tot bekering moet kom wanneer ons verdwaal in ons geloof en dat ons ook ware berou moet hê daarvoor.

Die Here het in die tyd van Sefanja profete na die volk toe gestuur om vir hulle te sê dat hulle verkeerd is en tot bekering moet kom.

- Die mense het dus altyd die leiding van die Here by hulle gehad om hulle te wys waar die geloofspad loop.
- Die Here werk vandag nog so al is daar in ons tyd nie meer letterlik profete nie, want vir ons het Hy die Heilige Gees gestuur om ons elke oomblik by te staan met sy leiding.

Gemeente, wees baie versigtig en verstandig wanneer u met geloofsake werk, want hierdie hoofstuk toon die gemak aan waarmee mens die spoor kan verloor.

- Vir iemand met wie dit eers gebeur het dat hy die spoor verloor het, is die terugdraaislag nie so maklik nie.
- Vir sulke mense staan die oordeel van die Here vorentoe voor hulle.

Amen.

Slotgebed

Psalm 47:1, 3 (p. 240)

- 1 Juig, o volke, juig! Handklap en betuig / voor die HEER jul vreug! Wees in God verheug!
Sing Hom lof en prys op verhewe wys, / want bo al wat leef en voor Hom moet beef,
sal sy septer wink en sy glorie blink – / Allerhoogste in eer, groot is God die HEER!
- 3 God vaar voor die oog met gejuig omhoog; / die trompette blink, die basuine klink:
met 'n groot geskal styg bo berg en dal / God se glorie uit. Laat nou die geluid
van jul psalme hoor: laat 'n jubelkoor / Hom, die Vors en Heer van die aarde, eer!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 16 Maart 2014